

Woensdag Brief 9 September 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Die chaos-teorie is 'n tameletjie. Dit het te make met vele onbekende veranderlikes en vreemde attraktors en speel onvoorspelbaar uit. En.... ? Wel, dit beskryf epidemiologiese neigings soos in pandemies, die ontwikkeling van weerstelsels, die aanteel van wild in natuurlike habitate en byvoorbeeld die aandeel-prys bewegings. As jy volgende keer na die vlamme van

die winterkaggeltjie kyk, of die badwater wat uitwoer by die propgat, of na die see se branders, of na die borrels van die ketel wat kook, of die patrone wat die rook van jou braaivleisvuurtjie maak, sien jy die chaos van die chaos-teorie met jou eie twee oë.

Die een wat agter die kap van die chaos-teorie kom, sal superryk word. Die voorspellings is egter dat selfs die formidabele kwantum-rekenaars van die toekoms te lig in die broek sal wees om hierdie enigma uit te pluus – en sulke rekenaars sal die

beste rekenaars wat tans op die mark is soos graad eentjies laat lyk. Per definisie is die chaos-teorie die studie van dinamiese stelsels wat in toevalligheid heeltemal wanordelik soos sirkusnarre die werklikheid vermaak. Dis soos die werklikheid regtig is.

Hoekom in 'n Woensdag Brief oor sulke abstrakte drifte soos die chaos-teorie skryf? Beslis nie omdat die veranderlikes betrokke by die chaos-teorie te make het met komplekse stelsels met inspeling van terugvoerlusse,

selfsimilariteit, fraktaliteit en self-organisasie nie. Ook nie omdat dit teen enige aanvoeling deterministies is en baie sensitief vir enige inisiële insprake is nie. Die rede is in alle eenvoud omdat nie net die skepping nie, maar ook alles in die skepping – soos elke mens - 'n chaotiese sisteem is en só ook elke substelsel in jou lyf, nes al jou omstandighede ook daardeur beïnvloed word. Toe ek dit een keer vir 'n dosent in die departement praktiese teologie probeer verduidelik het, het hy gesê God se dank hy het dit nie

geweet nie en stel ook nie belang om sy kop nou in sulke chaos te dompel nie.

Tog is daar vele praktiese hulp wat aangebied word deur die chaosteorie. Een van die snellers wat ons bekend gestel het aan hierdie paradoksale deterministiese toevalligheid – om dit nou so te stel, word aan ons gebied vanuit pogings om die dag se weer te voorspel. Lank terug het 'n navorser in 'n poging om 'n model te ontwikkel wat die weer vooruit kan voorspel, 'n syferfout gemaak deur net 0.506 in te tik eerder as

0.506127. Hierdie superklein verskil het 'n reuse effek op die weervoorspelling gehad. Mettertyd het dit bekend geword as die Skoenlapper-effek synde met die tong-in-die-kies vertel is dat as 'n skoenlapper sy vlerk klap in Indië iewers, 'n orkaan daarúit sal ontwikkel wat Amerika gaan tref. Dis die klein jakkalsies wat uiteindelik die oes verniel, maar daar is ook altyd klein gelukkies wat die oes kan verdubbel.

Nou ja, wat kan ons hieruit leer wat van praktiese toepassing is? Die kleinste effek van elke mens

het 'n reuse-gevolg iewers vorentoe. Dit kan 'n hoes, 'n lag, 'n woord, selfs 'n gedagte wees. Dit is die reine waarheid, maar natuurlik vir ons onsigbaar. Dit speel natuurlik weerskante toe. Die beste pil wat nog ooit ontwikkel is, word 'n placebo genoem: Mense word vertel dat 'n nuwe pil op die mark hulle sal genees en dan ervaar 'n groot persentasie siek persone sulke genesing hoewel die pil net 'n suikerpilletjie was. Nie die hulpmiddel nie, maar die oortuiging het die grootste effek.

Verbeelding is sterker as die waarheid nes wat jy glo sterker is as die feite. Vrees skep ewe maklik dit waarvoor gevrees word, liefde weer dit wat gehoop word. 'n Vrou word wat haar man aan haar doen en 'n man weer wat die vrou van hom dink, maar dit werk eintlik wederkerig.

Die corona-virus en wêreldwye pandemie is 'n baie netjiese uitbeelding van hierdie chaosteorie. Lande beleef dit op verskillende maniere, mense beleef en ervaar en word elkeen eiesoortig daardeur beïnvloed.

Wat die chaos-teorie wys, is dat die gang van die covid-19 wanordelik sal wees, maar waarskynlik net skielik sal eindig. Dit wys ook hoe algemene vrees-inspuiting baie mense siek maak sonder dat hulle eintlik siek is en ook ekonomieë kan vernietig. Net soos met die weer sal ons kan voorspel daar 'n 100% kans vir reën in die Eden-distrik is en dan sien dit reën 1 mm in Calitzdorp en 25 mm in Ladismith. Wat ons nie maklik glo nie, is dat elke stukkie gesindheid en daad 'n effek op alles het – selfs die weer

en 'n pandemie, jou man, vrou of kind, vriend of vyand.

In samevatting dan: Al is ons en alles om ons deurdrenk van chaotiese drif wat onbepaalbaar in sy gang is, sit elke mens met die goue sleutel van oortuiging en intensie – selfs gebed - wat wel die uitkomst van chaotiese stelsels beïnvloed in lyn met sulke insprake. Dit staan so in die Bybel ook – kyk maar in Matt. 18:18.

Mooiloop tot volgende keer.

Ds. Jan